# ENKELE ASPEKTE VAN BUITELUGONTSPANNING IN DIE SUID VRYSTAAT

**Prof Dr Wallace van Zyl**
***Hoof van Departement Stadsbeplanning, UOVS***

*This article focuses on plans and policies for outdoor recreation in Region no 31 and begins by examining physical, socio-economic, cultural and historic factors there. Reference is made to problems arising in a 100-kilometer corridor of the Modder River, such as water pollution, threatened fish and bird-life, the role of private owners, multiple-use, watersport, the users and management of resorts. A plea is made for comprehensive planning to replace the present* ***ad hoc*** *approach to recreation.*

## 1. INLEIDING

Periodieke droogtes herinner aan die feit dat die Suid Vrystaat 'n dorre streek is waar elke pan of stroompie 'n waardevolle bate is. Daar bestaan aantreklike rivierlope in die Vrystaat soos die Modder, Vet en Riet, wat hoofsaaklik as watervoorraad vir die landbousektor beskou word. Maar die bekoring van water vir die mens lê ook daarin dat dit 'n rustige en ontspanne atmosfeer skep. As 'n dam gebou word is dit dus van veel meer nut as net 'n blote watervoorraad. Rivierlope is trouens deel van 'n streeksontspanning- en bewaringstelsel, wat die hoogste beplanning verg. Die volgende beginsels word gehuldig:

- **Prioriteite en Fases**
  Die kern van beplanning lê in die opstel van 'n prioriteitslys, want met die beperkte middele tot ons beskikking is dit onmoontlik om alle ontspanningsprobleme tegelykertyd op te los. Bronne kan ook in fases ontwikkel word teen 'n tempo soos die gemeenskap dit benodig en kan bekostig.

- **Meganismes**
  Die uitgangspunt word hier gestel dat belangrike fisiese ontspanningselemente vir die nageslag bewaar moet word, b.v. watergerigte bronne of flora en fauna. Dit sal wenslik wees om voorkeurgebiede deur middel van meganismes soos huurpas, serwitute, belastingverligting en wetgewing te beskerm.

- **Meerdoelige Gebruik**
  Waar die boerdery minder winsgewend is, die mooi natuurgebiede beskadig word en waar daar 'n behoefte aan buitelugontspanning is, is daar 'n sterk saak om die bestaande enkele grondgebruike met 'n beleid van meerdoelige benutting te vervang. Om die begrip "agro-ontspanning" aanvaarbaar te maak beteken dat 'n opvoedingsprogram onder privaat grondeienaars noodsaaklik sal wees.

- **Dravermoë**
  Ontspanningsbeplanning moet poog om die ekologiese sowel as die sielkundige Dravermoë van die belangrikste bronne of ontspanningstipes in ag te neem. Byvoorbeeld, bergklim se bekoring is om alleen te wees, maar by 'n oord soek die publiek keuse, geselligheid en puik diens. Die Omgewingsimpakstudie is 'n nuttige tegniek in hierdie verband.

## 2. STUDIEGEBIED

Die ondersoekgebied val saam met die afgebakende gebied van Streek 31. Dit het die verdere voordeel dat resultate en voorstelle gemeet kan word aan die Doelwitte van die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan. Pogings tot grensafbakening vir Streek 31 is 'n kompromis. Ontspanning op streeksvlak was tot dusver 'n provinsiale saak en dit bring 'n kunsmatige skeiding tussen die behoeftes van die Kaap en OVS veral langs die Oranje- en Caledonriviere. Thaba Nchu lê naby die studiegebied asook die nuwe swart gebied, Onverwacht. Moontlike raakvlakke met swart gebiede is ontspanningsbronne langs vervoer- en rivierkorridors.

Streek 31 is 'n uitgestrekte gebied 300 km in deursnee en het 'n goeie vervoerstelsel. Bloemfontein is 'n groot nasionale spoorwegsentrum. Spoorverbindings en die noord-suid en oos-wes roetes kruis by Bloemfontein. Die nasionale pad N.1 deurkruis die gebied noord-suid, terwyl etlike provinsiale teerpaaie ander sentra soos Kimberley, Welkom en Ladybrand met Bloemfontein verbind. Uit die ontspanningsoogpunt gee die talle padverbindings beter dekking as die vaste spoorwegnetwerk wat minder aanpasbaarheid besit.

## 3. SOSIO-EKONOMIES

Die gebrek aan diversiteit in die sosio-ekonomiese basis van Streek 31 (Bloemfontein uitgesluit) oefen 'n stremmende invloed uit op die ontwikkeling van die totale gemeenskap en nie net op bepaalde bevolkingsgroepe nie. As Bloemfontein en Onverwacht buite rekening gelaat word, is Streek 31 'n dunbevolkte deel van die Vrystaat en veral in die suidweste is daar 'n groot mate van ontvolking.

Die landbousektor se stadige groei tesame met droogte en meganisering dra by tot verstedeliking, met implikasies vir vryetydsbesteding en ontspanning. Die kleiner dorpe het nie voldoende fondse vir ontspanningsfasiliteite nie.

Die nie-ekonomies-bedrywige bevolking in Streek 31 is sowat 66% en dit dui op 'n hoë werkloosheid. Daar is 'n relatiewe styging by die inkomste van swartes, maar dit is twyfelagtig of ontspanning 'n eerste prioriteit is. Die kleurling se posisie het ook verbeter.

## 4. ANDERSKLEURIGES

Beleid ten opsigte van swart ontspanning word veral deur twee onlangse veranderings bepaal. Eerstens, Administrasierade is in Ontwikkelingsrade omskep en tweedens het sommige Swart Gemeenskaprade magte gelyk aan munisipale status gekry. Onthou dat die verwantskap tussen die "nuwe" Ontwikkelingsrade en swart plaaslike bestuur in ontspanning krities is.

In die verlede was die suid-OVS Administrasieraad veronderstel om deur middel van sy bierfondse, ontspanningsfasiliteite vir swartes te verskaf, maar sy werksaamhede wys duidelik dat die verskaffing van behuising en ingenieursdienste 'n hoër prioriteit as ontspanning geniet het. Waar gaan die Ontwikkelingsrade nuwe bronne van inkomste vind? Daar is reeds gemeld dat die kleiner plaaslike besture op die provinsie of sentrale regering staatmaak en dus ding almal om dieselfde fondse mee. Ook die moontlike bydrae van die privaatsektor kan hier ondersoek word, waar liggame soos die Stedelike Stigting as katalisator vir hervorming en die verskaffing van fondse optree.

Die paar ontspanningsfasiliteite wat wel verskaf is kom hoofsaaklik in stedelike areas voor en is oorwegend sportgesentreerd, b.v. sokkerstadions. Natuurlik kan 'n mens redeneer dat geleenthede vir ontspanning in landelike areas groter is. Kies se bevindings oor Soweto het die skrywer aangemoedig om toestande in die Swart dorp Thabong op die Vrystaatse Goudveld te ondersoek. (1982) Oor die beleid van toekomstige swart stadsrade ten opsigte van ontspanning moet onthou word, dat hulle eerste prioriteite behuising en dienste sal wees, soos riool, water, vullis en strate. Die befondsing van streeksontspanning is nog 'n ope vraag.

Vir alle rassegroepe is dit noodsaaklik om 'n balans tussen drie tipes buitelugontspanningsgeleenthede te skep, naamlik die dag of naweek besoekpunt en die streeksvakansieoord. Hierdie besoekpunte of oorde moet sodanig versprei wees dat hullè vir die bevolking van die substreke redelik bereikbaar is en ook die nodige dravermoë besit. Die meeste kleurlinge en swartes het 'n lae mobiliteit, maak van openbare vervoer gebruik en soek dus ontspanningsgeleenthede nader "aan die huis". In praktiese terme beteken dit groter ruimte vir informele, natuurgerigte ontspanning aangrensend aan die Bloemfontein streek, en dit regverdig detail studies soos die *Modderrivier Ontspanningsprojek.* (1984)

Uit die nuwe grondwet kan geriewe van een bevolkingsgroep ingevolge 'n reëling aan 'n ander bevolkingsgroep beskikbaar gestel word indien 'n behoefte by die een groep bestaan vir geriewe. Die anderskleuriges van Suid-Afrika gaan in die nuwe grondwet 'n groter politieke bedingingsvermoë verwerf om deel te kan hê in die voordele en geriewe wat tans bestaan. Die weerhouding van sekere geriewe, veral onbenutte en onderbenutte geriewe kan tot groter eise in die toekoms lei.

Die hoop word gekoester dat die "nuwe" Ontwikkelingsrade hul "paternalistiese" houding van die verlede sal afskud en met die swart rade as vennote sal onderhandel. Dit geld ook vir blanke stadsrade wat hul kennis en personeel op "bruikleen" beskikbaar kan stel. Hier sal sittende amptenare se houdings en metodes op die proef gestel word. Dit is te maklik om vir ander te beplan en nie *saam* met hulle nie.

## 5. KULTUUR-HISTORIES

Die ontspanningspotensiaal van die suid-OVS word deur sy fisies-ekologiese karakter bepaal, saam met menslike nedersettings en enkele kultuurhistoriese elemente. In 'n dorre streek gaan die hoofbronne van buitelugontspanning rondom water sentreer terwyl natuurskoon soos berge en natuurreservate, flora en fauna ook aantreklik is.

Om moontlike onstpanningsbronne te identifiseer word die volgende drie hoofklasse voorgestel naamlik: Watergerig, Natuurskoon en Kultuur-histories. Hierdie indeling is deur die werk van Steyn en Hatting beïnvloed. (1982)

In die Vrystaat word 'n aantal historiese geboue en terreine aangetref, die potensiaal waarvan nie besef word nie. Die tradisionele streekskarakter van dorpe of geboue sowel as die historiese betekenis van sekere terreine soos slagvelde of begraafplase kan planmatig as ontspannings- en toeristebronne ontwikkel word. 'n Mens dink veral aan die "sandsteen" tradisie van dorpe soos Ladybrand en Ficksburg. Phillipolis en Jagersfontein in die suide kan die Wiliamsburgs van Suid-Afrika word, in die tradisie van Pelgrimsrus of Matjiesfontein. (van Zyl, 1979)

Binne die breë raamwerk van bewaring en ontspanning, kan 'n kultuur-historiese strategie geformuleer word. Lysting van waardevolle geboue, straattonele en terreine is die eerste belangrike taak. Belangrike verkenningswerk word deur die volgende instansies in die Vrystaat reeds verrig: Universiteit OVS, Stigting Simon van der Stel, Instituut van Argitekte en die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede. Soms word opnames en navorsingswerk op 'n vertroulike basis onderneem en daar is botsende belange en persoonlikhede ook teenwoordig, maar samewerking sal beter resultate tot gevolg hê.

## 6. DIE MODDERRIVIER ONTSPANNINGSPROJEK

Vir die *Modderrivier Ontspanningsprojek* het die studiegebied vanaf Rustfonteindam in die ooste vir ongeveer 100 kilometer weswaarts tot by Krugersdriftdam in die weste gestrek. Die hinterland vir potensiële besoekers aan die bestaande en toekomstige ontspanningsbronne strek wyer as net die onmiddellik aangrensende dorpe en stede. Om die potensiële bedieningsgebied te bepaal, is 'n 90 minute reistyd vanaf die toegangspaaie by die rivier as basis geneem wat so ver strek as Welkom in die noorde, Ladybrand in die ooste, Jagersfontein in die suide en Kimberley in die weste. (Van Zyl en Botha, 1984)

Die studiegebied lê letterlik en figuurlik 'in die middel' relatief ver van die primêre ontspanningsgebiede van Suid-Afrika, soos die Kusstreke, Drakensberge of Krugerpark. Stygende brandstofpryse en inflasie maak dit vir al hoe meer mense moeilik om jaarliks

een van die primêre gebiede te besoek. Hierdie afstandseffek word ietwat versag deur 'n verskeidenheid oorde net buitekant die grense van die studiegebied bv. Aliwal Noord se bronne, die PK le Rouxdam en Rolfonteinreservaat, Rob Ferreira-bronne, Golden Gate Hooglandpark en Lesotho se berge. Hier is net 'n paar van die belangrikste ontspanningsknelpunte wat in die studie identifiseer is.


## 7. ONTSPANNINGSKNELPUNTE EN OPLOSSINGS

### 7.1 Bekamping van Waterbesoedeling

Waterbesoedeling sal die lewensduur van water-gerigte ontspanning kan verkort. Byvoorbeeld, daar is twee sylope van die Modderrivier wat belangrike besoedelingsbronne is. Eerstens is daar Bloemspruit wat die stedelike gebied van Bloemfontein dreineer en tweedens is daar die Klein Modderrivier wat in Bophuthatswana ontspring en deur die Swart woongebied Botshabelo vloei. Die uiteindelike bevolking van Botshabelo word op meer as 400 000 mense geraam, en kan dus 'n noemenswaardige effek op die waterkwaliteit van die rivier hê, veral as gevolg van die elementêre sanitêre stelsel, stormwaterafloop, rommelstrooiery en swak higiëniese toestande.

Die ontwikkeling van Botshabelo, nywerheidsgroei aan die oostelike deel van die opvanggebied en die verdere ontwikkeling van Bloemfontein beteken nuwe bronne van waterbesoedeling. Die implikasies hiervan vir die waterkwaliteit van die Rustfonteindam, Mockesdam en Maselspoort: minerale besoedeling, 'n verhoogde soutvrag en riooluitvloeisels sal voorkom. Die gevolge hiervan is 'n verheldering van die water, 'n soutneerlaag op die oewers van die rivier en damme en alggroei wat gevolglik 'n onooglike voorkoms aan die water gee. (Toerien, 1983)

*Voorstel:* Behandeling van rioolafloop kan die verwagte besoedeling van riviere beperk. Ekologiese beplanning kan verhoed dat grootskaalse ontwikkeling in wateropvanggebiede onbeheersd voorkom, en dit is noodsaaklik dat die owerhede kragtig optree en die waterkwaliteit op 'n gereelde grondslag toets. Die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite sal desnoods vertraag moet word totdat sekerheid oor die waterkwaliteit verkry is.




(Figuur 1)

### 7.2 Visse

Die bydrae wat hengel tot ontspanning lewer, is belangrik langs die riviere, damme en dat dit aangestip word. Langs die Modderrivier bestaan daar 12 hengelklubs met 'n beraamde ledetal van omtrent 800. Dan is daar nog 'n groot getal mense wat slegs per geleentheid hengel. In 1982 is daar 1 400 hengellisensies by die inkomstekantoor in Bloemfontein uitgereik wat slegs 'n klein gedeelte van die lisensies verteenwoordig.

*Voorstel:* Die uitwerking van Hengel en Besoedeling op die voortbestaan van die visbevolking in die studiegebied, is nog nie bepaal nie. Dit is noodsaaklik dat die visgetalle op 'n gereelde basis gemonitor en aangevul word. Miskien is 'n teelstasie onnodig, maar die proklamasie van 'n gedeelte van die rivier waar hengel verbode is, sal waarskynlik genoegsaam wees.

### 7.3 Voëls

Met sy lae reënval is die OVS as onbelangrik geag wat watervoëls betref. Onlangse nasionale opnames het egter getoon dat die OVS 'n digte verspreiding van damme, panne en vleie in Suid-Afrika het. Sowat 85 soorte watervoëls word aangetref en hieronder tel

skaars soorte, soos die Groenrugreier. Flaminke vorm veral asemrowende swerms op die panne van die westelike Vrystaat waar tot 7 000 op 'n enkele pan getel kan word. (OVS, 1980)

*Voorstel:* Die estetiese waarde van voëls moet deel van die ontspanningservaring word; die geroep van patryse, fisante en tarentale verleen 'n definitiewe bekoring aan die omgewing. Die skep van voerplekke vir water- en ander voëls langs 'n wandelpad kan as bykomende aantrekkingsmiddel dien. Plaasdamme bied ook potensiaal vir voëlstudie en ontspanning, en 'n daadwerklike program tussen owerhede en boere is nodig.

**7.4 Privaateienaars en Ontspanning**

In die OVS bied 'n nouer verwantskap tussen privaat grondeienaars (soos boere), ontspanning en bewaring 'n moontlike oplossing vir ons spesiale probleme. Hierdie stelling word nou in terme van twee strategieë bespreek naamlik: Aansporings en Meerdoelige Gebruike.

**7.4.1 Aansporingstrategie**

'n Groot aantal kleiner, privaat ontspanningsterreine kom verspreid oor die hele studiegebied voor. Hierdie privaat fasiliteite lewer bepaald 'n diens aan die gemeenskap. Sou hierdie fasiliteite nie bestaan het nie, beteken dit dat 'n groot hoeveelheid mense alternatiewe plekke vir ontspanning moet vind. Dit impliseer 'n groter las op bestaande ontspanningsoorde wat deur die owerhede verskaf word.

Die een of ander vorm van kompensasie of aansporing kan aangebied word aan die eienaars van privaat ontspanningsfasiliteite of potensiële ontspanningsoorde om diens aan die gemeenskap te lewer, byvoorbeeld lenings teen lae rentekoerse of belastingvermindering.

**7.4.2 Meerdoelige Grondgebruik**

Hiermee word die tweede aanbevole strategie vir privaateienaars bespreek. Hugo beweer dat Natuurbewaring poog om alle vorms van natuurlewe te behou, maar nie alle ontspanningsaktiwiteite is versoenbaar met hierdie gedagte nie, en gebruike soos die landbou is nog moeiliker versoenbaar met bewaring (1979). Die gevaar bestaan dat die uitbreiding van landbou gevoelige habitatte van diere- en plantelewe sal vernietig, 'n probleem wat in die OVS ernstig word.

In dorre streke soos die suid-OVS kan alle standhoudende rivierlope as potensiële ontspanningsbronne gereken word, omdat hulle moontlik stap, hengel, roei, kampeer of ander tipes ekstensiewe buitelugontspanning kan akkommodeer. Hierdie eenvoudige idee stuit egter teen die feit dat sommige boere op grond van 'vandalisme' toegang tot die oewers ontmoedig en selfs weier, wat alles getuig van eienaarseksklusiwiteit of die ouderwetse "pionier-mentaliteit".

Tog kan sekere vorms van bewaring en ontspanning integreer by die bestaande landboupraktyke. In Europa word baie aandag gegee aan beheerde landbou en bosbou aktiwiteite binne die grense van natuurreservate. Die bekende "jedemann" begrip in Europa gee aan natuurliefhebbers die reg om oor privaateiendom of plase te beweeg. Dit kom daarop neer om 'n oorstapreg of serwituut met regsgeldigheid te skep. Die skep van natuurreservate in landelike gebiede en oopstelling van plase vir ontspanning kan aanvanklik groot beswaar van die kant van die landelike bevolking uitlok. Maar die finansiële voordeel kan tog die boere se gesindheid verander. Sommige direkte voordele kan die volgende wees: addisionele werkgeleenthede, verhuur van eiendomme, en 'n nuwe mark vir produkte. Onder indirekte voordele kan die volgende getel word: beter wedersydse begrip tussen die boer en stadsmens, 'n meer betroubare bron van inkomste as die boerdery se "dobbelspel", en beter kompetisie en inisiatief onder boere. Daar is verdere voordele in meerdoelige gebruike soos volg:

(i) Die gebruik van onbenutte grond op plase kan lei tot goedkoop ontspanningsgeriewe en gedesentraliseerde "tuisnywerheid".

(ii) Die nabyheid van plaasontspanning kan ook tot verlaagde reiskoste en brandstofbesparing lei, veral vir die inwoners van aangrensende stede.

(iii) Die bestaande oorde bied slegs die "normale" ontspanningsaktiwiteite soos swem en kamp aan, terwyl die boerdery-aktiwiteite op sigself 'n variasie is.

*Voorstel:* Wetgewing is die negatiewe kant van implementasie, en moet dus aan 'n opvoedingsprogram vir beide die publiek en die grondeienaars gekoppel word om hulle regte en verpligtinge te verduidelik. As 'n eerste fase kan toetsstroke langs die belangrikste riviere vir die publiek oopgestel word. Na die evaluasie en opvoedingsprogramme kan 'n tweede fase begin waar 'n permanente strook bevestig word. Die owerhede kan 'n area van minstens 10 meter aan weerskante van die 50-jaar vloedlyn langs riviere as bewaringsgebied verklaar. Enige ontwikkeling binne hierdie strook moet aan streng ekologiese beplanning onderworpe wees.

**7.5 Provinsiale Opset**

In die provinsie OVS is twee departemente direk betrokke by ontspanning, naamlik Natuurbewaring en Openbare Oorde. Die skrywer meen dat, met die optrede van altwee die departemente op dieselfde terrein, daar wrywing en gebrek aan koördinasie kan ontstaan en dat hier derhalwe ruimte tot rasionalisering is. Daar is minstens twee alternatiewe:

(*a*) Die twee departemente kan saamsmelt, of

(*b*) 'n Ontspanningsoord as geheel kan aan 'n privaat entrepeneur verhuur word. 'n Gesamentlike semi-privaat Beheerraad mag egter nodig wees om uitbuiting te verhoed en 'n subsidie kan moontlik as verdere hulpmiddel aan die eienaar oorweeg word.

**7.6 Oord Bestuur en die Verbruiker**

Effektiewe bestuur van oorde hou direkte verband met winsgewendheid. Die "winsgewendheid" van 'n oord word gemeet aan die mate van ondersteuning wat die oord, selfs in die wintermaande, geniet. Volle oordbesetting regdeur die jaar kan nie gehandhaaf word nie, terwyl personeelsterkte sodanig moet wees dat die spitsaanvraag hanteer kan word. Die koue Vrystaatse winters tesame met die skynbare vaalheid van die vlaktes word as redes tot onderbesetting aangevoer, maar 'n mens word nie oortuig nie.

Die wintermaande stel juis 'n uitdaging aan die bestuur van oorde om aantreklike aktiwiteite vir hierdie periodes te reël, sodat besetting van oorde opgestoot word. Daar is egter 'n gebrek aan verbeelding wat aandag moet geniet, byvoorbeeld daar word net "normale ure" van 8 tot 5 gewerk, maar wat van die arme toeris wat langs die pad vertraag is en laat moet aankom? "Verbruikerisme" en reklame is onbekend by die bestuur van baie oorde.

Dit is 'n feit dat 'n groot persentasie van die bevolking onder die ouderdom van 25 jaar is. Opnames toon dat die ouderdomsgroep 11 – 30 jaar die grootste besoekersgetal uitmaak. In die detail beplanning van toekomstige ontspanningsfasiliteite sal hulle behoeftes deeglik in berekening gebring moet word, wat nie tans die geval is nie. Daar is 'n groot onversadigde vraag na vermaak onder die jonger bevolkingsgroep. Aantreklikheid, verskeidenheid en uniekheid moet kenmerke van die aanbod wees. Goeie bestuur en beter reklame kan groter getalle lok en tevrede stel.

'n Beduidende aantal mense besoek die oorde vir langer as een dag. In die beplanning van ontspanningsfasiliteite sal verdere oorslaapgeriewe dus voorsien moet word. Hier vra die publiek vir basiese fasiliteite soos rondawels en nie noodwendig die luukse en duur 'voorstedelike villas', waarvoor die Afdeling Oorde en tak Werke so lief is nie! Hulle is strydig met die konsep van basiese, goedkoop geriewe vir almal, en wys onsensitiwiteit teenoor die publiek se behoeftes. Beter bestuur en reklame vir oorde is faktore waaraan meer aandag geskenk moet word en die owerhede moet veel meer inspraak uitnooi en die publiek met meningspeilings betrek.

**7.7 Watersport Beleid**

Op groter damme ontstaan konfliksituasies tussen motorbote, seilskepe en hengel, byvoorbeeld Rustfonteindam. Die antwoord is 'n tipe gebruiksonering van die waterarea en aangrensende oewers wat deel moet uitmaak van 'n beleidsdokument ten opsigte van watersport in die Vrystaat. Daar bestaan reeds die laaste half eeu in ander lande sulke beleid.



MOCKERSDAM



STOOMHOEK




GLEN



**7.8 Voorstelle vir Oorde**

'n Reeks praktiese voorstelle vir oorde by Mazelspoort, Glen, Stoomhoek, Soetdoring, Mackesdam en Sannaspos is gemaak. Dit is onrealisties om al vyf hierdie projekte gelyktydig aan te pak, en prioriteite moet dus vasgestel word. Omdat buitelugontspanning by anderskleuriges minimaal is word hier voorgestel dat daar vir eers op Mockesdam vir kleurlinge en Sannaspos vir swartes gekonsentreer word. Omdat Mazelspoort vir blankes en Mockesdam vir kleurlinge feitlik langs mekaar is, (Fig 2) is dit onwaarskynlik dat die owerhede Mazelspoort vir alle rasse gaan oopgooi. In 'n tweede fase kan die Glen-oewers aan alle rasse beskikbaar gestel word, want hulle is redelik onderontwikkel en lê naby drie belangrike verkeersroetes naamlik die N.1 pad, Bloemfontein-Brandfort pad en die spoorlyn na Johannesburg. Met 'n bietjie verbeelding kan die privaatsektor die "transito-funksie" met ontspanning koppel, dit wil sê karavaanpark, ruskamp, staproete en vulstasie.




FIGUUR 2

## 8. SLOT

In die toekoms sal die sentrale en provinsiale owerhede beleid met die plaaslike owerhede moet koördineer in minstens vier basiese aspekte:

- Die beskerming van potensiële ontspanningsbronne.
- Die ontwikkeling van ontspanningsbronne.
- Die keuse van watter bevolkingsgroep of groepe die bron gaan gebruik.
- Die regverdige befondsing van ontspanningsfasiliteite vir alle groepe.

Laastens is dit sorgwekkend dat die OVS min duidelike owerheidskriteria vir die keuse en ontwikkeling van ontspanningsterreine bestaan. Wat natuurbewaring betref is die posisie ietwat beter, maar 'n *ad hoc*, subjektiewe benadering sonder publieke deelname, moet spoedig deur omvattende beplanning tussen privaat en openbare sektore vervang word. Sonder 'n duidelike ontspanningsbeleid, sal ons aanhou om korttermyn simptome raak te sien, terwyl natuurlike hulpbronne van die toneel verdwyn, en waardevolle ontspanningsgeleenthede verlore gaan vir die nasie en nageslag.

**ERKENNING**

Die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) word hartlik bedank vir sy *Ad hoc* Toekenning wat hierdie navorsing moontlik gemaak het.

**VERWYSINGS:**

KIES, C.W. 1982. *Problems relating to the use of Leisure in Soweto,* HSRC Report 5 - 76, Pretoria.

VAN ZYL, F.D. W., en Botha, W.J. v. H. 1984. *Die Modderrivier Ontspanningsprojek,* Dept. Stads- en Streeksbeplanning, Navorsingsverslag nr. 5, UOVS.

STEYN, J.N., et. al, 1982. Die Identifisering van Ontspanningsdruk- en Potensiaalgebiede in die Transvaal, *Verrigtinge SA VLOR Kongres,* Univ. Pretoria, Oktober, pp. 6 – 9.

VAN ZYL, F.D.W. 1979. Die Rol van Stadsbeplanning in Bewaring, *Omgewing RSA*, Pretoria.

VAN ZYL, F.D.W., en Botha, W.J. v. H., 1984: op. cit.

TOERIEN, D.F., et. al, 1983. *Waterkwaliteit in die Modderrivier Opvanggebied,* Instituut van Omgewingswetenskappe, UOVS.

OVS PROVINSIALE ADMINISTRASIE 1980. Afdeling Natuurbewaring, *Jagvoëls op die Plase.*

HUGO, M.L. 1979. *Die Potensiaal van die Magaliesberg vir Ontspanningsdoeleindes,* M. Landskap-Verhandeling, Univ. Pretoria, Januarie, p. 112.